



eduresourceza.com



Brescia House School

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Graad 12

Voorbereidende Eksamen: Vraestel I

13 Julie 2021

Tyd: 2½ uur

Leestyd: 10 minute

Punte: 100

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **15** bladsye.
2. Beantwoord al die vrae.
3. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**:
 - Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
 - Afdeling B Opsomming (10 punte)
 - Afdeling C Poësie (30 punte)
 - Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)
4. Beantwoord al die vrae in jou antwoordboek.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. **ALLE** vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

VOORSPOED!

Eksaminator: B. Adam

Moderators: M. Taffara (*Assumption Convent School*)
M. van Wyk

AFDELING A

LEESBEGRIP

VRAAG 1

AANLYNTARTIKEL

Lees die onderstaande verwerkte aanlynartikel uit *Netwerk24-aanlyn* deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Wegbreek in die Goudstad

‘n Luukse vakansieoord in Houghton, Johannesburg, is die perfekte plek om asem te skep, terwyl jy skouers met skatryk mense skuur.



Die hotelkompleks van “The Houghton Hotel”.

Die kleuter lag hardop omdat hy dit so geniet in die hotel se swembad. Die vrou langs hom, sy privaat-sweminstrukteur, lyk net so gelukkig soos die kleuter. Ek en my vriendin kyk na die toneel vanaf die anderkant van *The Houghton Hotel* se verhitte spa-swembad.

Die water se temperatuur is perfek en rustige Tibettaanse musiek speel vanuit die luidsprekers. Die reuk van waatlemoen en rooswater hang in die lug. ‘n Mens voel baie veilig in hierdie rustige omgewing in die middel van Johannesburg.

My vriendin kyk weer na die kleuter wat besig is met sy privaat-swemles en sy sê dat sy maar by die munisipale swembad, sonder enige iemand anders se hulp, moes leer swem as 'n kleuter in die 1980's.

Toe die seuntjie se swemles verby is, vou sy ouers hom toe in 'n dik katoenjapon en trek vir hom 'n paar Italiaanse ontwerpers-tekkies aan. Ek *google* later hoeveel die skoene wat hulle vir hom aangetrek het, kos. Die paar skoene kos soveel soos 'n eenslaapkamerwoonstel in Kaapstad met 'n uitsig oor Tafelberg.

Welkom by *The Houghton Hotel*, 'n luukse vakansie-oord in die hartjie van Johannesburg. Reeds wanneer jy by die hotel inry, verby baie sportmotors, weet jy dadelik dat jy nou by die speelplek van die superryk mense van Johannesburg is. Jy besef ook dat verlede jaar se *COVID19*-pandemie hulle nie armer gemaak het nie.

Dié hotel en vakansie-oord het verlede jaar stil-stil oopgemaak, al was dit in die middel van die *COVID19*-pandemie. Die hotel is sopas aangewys as Suid-Afrika se beste nuwe hotel by die *2020 World Travel*-toekennings. Ironies weet die meeste mense wat in Houghton woon nie eens van dié nuwe luukse hotel nie.

Ek het eers van die hotel gehoor nadat mense foto's daarvan op sosiale media gedeel het. Ek het aan die begin gedink dié nuwe hotel is dalk eerder in Dubai of Mauritius. Almal wat dié hotel besoek het, het gespog met die hutsmerk, *#stacation*, wat verwys na 'n kort vakansietjie in die stad waar jy woon.

Die hotel voel soos 'n vakansie-oord met sy vyf swembaddens, waarvan die een verhit is, 'n luukse spa, restaurante en koffiewinkels, of *Nova Bistro*, vir 'n meer informele kuier. Mense kan ook golf speel as hulle sportief is.

The Houghton Hotel is dus die ideale hotel om te besoek as jy vinnig wil wegbreek van jou besige lewe hierdie koue winter.

420 woorde

Verwerk uit *Netwerk24-aanlyn*, 5 Junie 2021

- 1.1 Haal **drie opeenvolgende woorde** aan uit die inleiding wat bewys dat hierdie hotel die perfekte plek is om weer energie vir die lewe te kry. (1)
- 1.2 Verduidelik in jou **eié woorde** waarom dit vir die kleuter en sy sweminstrukteur moontlik is om in die winter by die hotel te swem. (1)
- 1.3 Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is en haal aan om jou antwoord te bewys.
 - 1.3.1 *Die kleuter hou nie van sy swemlesse by die hotel nie.* (2)
 - 1.3.2 *"The Houghton Hotel" is baie ver van Johannesburg af.* (2)

- 1.4 Hoekom, dink jy, speel hulle Tibettaanse musiek by die hotel se spa? (1)
- 1.5 Sê in jou **eie woorde** hoe die skrywer se vriendin se manier hoe sy leer swem het, **verskil** van die manier waarop die kleuter in die artikel leer swem? (2)
- 1.6 Sal jy graag hierdie luukse hotel wil besoek? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

[10]

VRAAG 2

SPOTPRENT

Bestudeer die volgende spotprent uit *Die Burger* van 1 Mei 2021 en beantwoord die vrae wat daarop volg:



- 2.1 Sê in jou **eie woorde** wat die spotprent se tema is. (1)
- 2.2 Gee **een woord** vir die voorwerp wat die vrou in haar hand vashou. (1)
- 2.3 Gee **een woord** vir die voorwerp wat die man in sy hand vashou. (1)
- 2.4 Watter **visuele leidraad** wys vir ons dat die man oorgewig is? (1)
- 2.5 Noem enige **twee produkte** wat 'n mens in die spotprent kan koop. (2)
- 2.6 Gee **een woord** om die vrou se **gesigsuitdrukking** te beskryf. (1)
- 2.7 Watter **simbool** word in die spotprent gebruik om te wys dat kospryse styg? (1)
- 2.8 Haal **een woord** aan uit die praatborrel wat bewys dat die man en die vrou getroud is. (1)
- 2.9 Noem **een voorwerp** wat die vrou in haar handsak dra waarmee sy gaan betaal. (1)

[10]

VRAAG 3


GRAFIEK

Bestudeer die onderstaande grafiek oor Suid-Afrikaners se drankgewoontes en beantwoord die vrae wat daarop volg deur na die inhoud van die grafiek te verwys:

SUID-AFRIKANERS SE DRANKGEWOONTES


Suid-Afrikaners se drankgewoontes

SA bevolking se drankgewoontes



Bron: Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad

Suid-Afrikaanse mans se drankgewoontes



THEUNS KRUGER, Grafika24

- 3.1 Wie het hierdie inligting aan Aanlyn-Netwerk24 verskaf? (1)
- 3.2 Wie is die grafiese kunstenaar wat hierdie grafiek ontwerp het? (1)
- 3.3 Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is en haal aan om jou antwoord te bewys.
 - 3.3.1 Suid-Afrikaners drink vreeslik baie alkohol, volgens die navorsing. (2)
 - 3.3.2 Volgens die artikel drink meer as 50% van alle Suid-Afrikaners glad nie alkohol nie. (2)
- 3.4 Verduidelik in jou **eie woorde** waarom ons kan sê dat baie Suid-Afrikaanse mans, volgens die navorsing, swaar drinkers is. (1)
- 3.5 Watter persentasie mans, volgens die navorsing, drink oormatig as daar 'n spesiale geleentheid is? (1)
- 3.6 Hoekom, dink jy, misbruik so baie Suid-Afrikaanse mans, volgens die grafiek, alkohol? (1)

3.7 **Dink jy** dat die drankverbod nou, in die winter, weer ingestel moet word? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(1)

LEESBEGRIP: [30]

[10]

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4 Vyf wenke / advies hoe om jou slaapkamer beter te laat lyk

- Lees die onderstaande teks.
- Som dan die artikel, **5 WENKE / ADVIES HOE OM JOU KAMER BETER TE LAAT LYK** op en hoekom die wenke / advies jou sal help.
- Begin elke sin met: **Jy moet of Jy moenie...**
- Skryf die opsomming in vyf vol sinne neer.
- Jou opsomming moet **70 woorde** lank wees.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming korter as 60 woorde of langer as 80 woorde is.
- Nommer jou sinne **1 – 5** en laat 'n reël ná elke sin oop.

ONTHOU:

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke sin moet net **EEN WENK / ADVIES** bevat en **hoekom die wenk / advies jou sal help**.
- Onthou om jou beplanning dood te trek en jou finale poging op 'n aparte bladsy te voltooi.

VYF WENKE / ADVIES HOE OM JOU SLAAPKAMER BETER TE LAAT LYK

Probeer, so ver as moontlik, om geen onnodige bokse in jou slaapkamer te stoor nie. Indien jy nie anders kan nie, probeer dit netjies op een plek in die kamer wegpak. Jy sal dan meer plek hê om rond te beweeg in jou slaapkamer en dié vertrek sal outomaties groter lyk.

Dit is nie waar dat die boonste deel van jou kas gemaak is om jou komberse in te bêre nie. Stoor eerder die komberse in 'n ander kamer omdat dit jou kalm hou as daar minder goed in jou kamer gestoor word.

Pak altyd enige van jou klere weg wat oor jou klerekas se deur hang. As jy saans te moeg is om jou klere netjies weg te pak, trek 'n wasgoedmandjie nader en gooi jou klere daarin. Jy sal dan aan die begin van 'n nuwe skooldag nie so oorweldig voel nie, maar sommer lus wees vir die nuwe dag.

Dit is nou die perfekte tyd om nuwe gordyne vir jou slaapkamer te hang. Maak seker dat jy soggens die venster in jou kamer wyd oopmaak vir vars lug. Ruil ook maandeliks jou gordyne om. Dit sal ook help dat jou kamer die heeltid vars ruik en jy dat jy gemaklik in jou eie slaapkamer voel.

As jy van jou bedkassie 'n boekrak maak, moet jy eerder jou bedkassie netjies hou deur net jou lampie en die een boek, wat jy op die oomblik lees, daarop te hou. Vermy dit ook om glase water en waterbottels op jou bedkassie te hou. Indien jy 'n netjiese bedkassie het, sal jy beslis snags rustiger slaap.

Bron: Huisgenoot-aanlyn, 16 April 2020

(265 woorde)

OPSOMMING: [10]

AFDELING C

POËSIE

VRAAG 5

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

?

– deur Tanja Joubert

- 1 Jou naam draai ek uit elke appelstingel,
2 pak dit in spoelklippies op die strand.
3 Ek vinger jou naam op vuil motorvensters,
4 toegewasemde spieëls en oor die palm van my hand.



- 5 Ek braille dit in my passerblik,
6 doodle dit in my tuiswerkboek, op my tas.
7 Jou naam pen ek oor 'n swartbord
8 sodat niemand dit ooit weer af kan was.

- 9 Ek ryg dit regs aan my naam vas
10 en dra dit soos kraletjies om my nek,
11 graffiti dit op elke straathoek
12 soos 'n hond wat sy been lig om te sê: "Dis my plek!"



- 13 Want jy is ál my uithangborde,
14 die screensaver van my brein,
15 die tatoeëermerk oor my hart
16 en, wie weet, dalk nog die T-hemp van my pyn.



- 17 Miskien het jy my naam al uitgegee. Uitgetippex!
18 Of dalk versier jy dit met smiley faces (☺☺) en 'n soentjie-x.
19 Ek sal verstaan as jy my nog nie kan spel nie,
20 Nie eens met leestekens kan vertel nie.

- 21 Net jammer jóú naam, is nog net 'n

22 ?

- 5.1 Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n **vrye vers**. Gee **twee redes** waarom ons so kan sê. (2)
- 5.2 Waar vind 'n mens gewoonlik "spoelklippies"? (1)
- 5.3 Haal twee **selfstandige naamwoorde** aan wat in dié gedig as werkwoorde gebruik word. (1)
- 5.5 Die spreker sê: "*Ek braille dit in my passerblik*"
- 5.1.1 Verduidelik kortliks wat die spreker in die konteks van die gedig hiermee bedoel. (1)
- 5.1.2 Wat het die oppervlak van haar passerblik met braille gemeen in die konteks van die gedig? (1)
- 5.6 Haal 'n reël uit die gedig aan wat bewys dat die spreker die hele tyd aan die seun dink. (1)
- 5.7 Haal **twee aparte woorde** aan wat wys dat die spreker nie seker is of die seun van haar hou nie. (1)
- 5.8 Haal **een woord** aan wat wys dat die spreker **spyt** is dat die seun nog net 'n vraagteken is. (1)
- 5.9 Wat is die gedig se **tema/boodskap**? (1)

[10]

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

“Mamma” kan ek nie sê nie

– deur Jelleke Wierenga

- 1 Ek onthou die engel
2 het my van die rand
3 van wik en weeg
4 afgeskop in jou in
5 onmoontlik sê hulle
6 om te weet van
7 voor tyd se tyd
8 maar ek het geweet
9 wat ek nou weet:
10 as jy na my kyk
11 is ek nie
12 in jou oë nie.



Bron: Gesiene gedigte: **Toulopers: Verse vir Tieners** – saamgestel deur Jaco Jacobs, Lapa, 2011

- 6.1 Verduidelik waarom die woord “Mamma”, in die titel, in **aanhalingstekens** geskryf is. (1)
- 6.2 Watter **stylfiguur** kry ons in strofe 2? (1)
- 6.3 Na watter tyd verwys, om te weet van “voor tyd se tyd”, in die konteks van die gedig? (1)
- 6.4 Haal ‘n uitdrukking van **drie opeenvolgende woorde** aan wat dui wat dui op onsekerheid voordat jy ‘n besluit neem. (1)
- 6.5 Verduidelik in jou **eie woorde** wat “onmoontlik” in reël 5, in die konteks van die gedig, beteken. (1)
- 6.6 Haal **een woord** aan wat die **wending** in die gedig aandui. (1)
- 6.7 Wat is die funksie van die **dubbelpunt** in reël 9 in die konteks van die gedig? (1)

- 6.8 In watter ander gedig, wat ons vanjaar behandel het, kyk 'n kind ook in haar ouer se oë? (1)
- 6.9 Haal 'n voorbeeld van **assonansie** uit die gedig aan. (1)
- 6.10 Verduidelik in jou **eie woorde** wat die spreker vir sy ma probeer sê in die slotstrofe. (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onvoorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.


Omdat (verwerk)

– deur Antjie Krog

- 1 My maer hande steek vir jou 'n kers aan
- 2 Omdat jy my maat geword het
- 3 toe ek na 'n kwartaal
- 4 nog somber alleen tussen die ander sit,
- 5 omdat jy my pouses
- 6 uit die biblioteek kom haal
- 7 om saam liedjies te sing in die saal.
- 8 omdat jy my maat bly
- 9 t.s.v. my skilferhemp en nylontrui
- 10 omdat jy lief vir my geword het
- 11 en my selfs vashou teen jou bors
- 12 t.s.v. my dimpelbene en die
- 13 ryp puisies wat op my wange kors.



- 14 My kers brand
- 15 omdat jy kaalvoet saam met my
- 16 deur die dorp loop
- 17 en wag as ek iets in 'n
- 18 supermark koop
- 19 omdat jy pouses vir my brood gee,
- 20 smiddae vir my wiskunde verduidelik
21. en soms oor my skoon hare vee
22. omdat jy my maat is



Bron: Dogter van Jefta

- 7.1 Verduidelik in jou **eie woorde** waarom die spreker vir die seun 'n kers aansteek. (1)
- 7.2 Haal 'n **reël** aan as bewys dat die spreker ná 'n paar maande steeds eensaam gevoel het by die skool. (1)
- 7.3 **Waar** het die spreker gewoonlik pouses weggekruip? (1)
- 7.4 Haal **een woord** aan wat bewys dat die spreker nie op haar eie in die saal sing nie. (1)
- 7.5 Haal **twee opeenvolgende woorde** aan wat bewys dat die spreker velprobleme het. (1)
- 7.6 Die spreker in die gedig het 'n **lae selfbeeld**.
Watter ander gedig, wat ons vanjaar behandel het, gaan oor 'n tiener wat ook 'n lae selfbeeld het? (1)
- 7.7 Sê in jou **eie woorde** hoe ons kan sê dat die seun in die gedig geduldig is teenoor die spreker. (1)
- 7.8 Haal 'n **reël** aan wat bewys dat die seun graag **deel**. (1)
- 7.9 Met **watter skoolvak** sukkel die spreker? Verduidelik in jou **eie woorde** hoe ons dit weet. (2)
- [10]**

POËSIE: [30]

AFDELING D TAALVAARDIGHEID
VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui:



Bron: Die Burger, 2 Junie 2021

- 8.1 Die gesin hoor die president Suid-Afrikaners toespreek.
'n Maand gelede (1)
- 8.2 Die gesin luister na die president om sy toespraak te hoor.
Die gesin luister na die president sodat (1)
- 8.3 Die president sal vanaand Suid-Afrikaners toespreek om hulle in te lig.
Suid-Afrikaners (1)
- 8.4 Die gesin sit en rus. Hulle luister na die president.
Die gesin wat (1)
- 8.5 Die man en sy dogter hou van die president se voorstelle.
Sowel (1)

- 8.6 Die vrou vra: "Pappa, wanneer koop jy weer vir ons maskers?"
Die vrou vra (1)
- 8.7 Die man en sy vrou moet maskers by die werk dra.
Die man en sy vrou hoef (1)
- 8.8 **Herskryf die volgende sin in die negatief:**
 Luister asseblief wat die president sê! (1)
- 8.9 Die gesin kyk TV; dan gaan hulle slaap.
Die vorige week ... (1)
- 8.10 Die dogter lê op die bank en die pa slaap.
Oor 'n rukkie (1)
- 8.11 Het jy nog 'n opname van die president se toespraak?
Nee, ... (1)
- 8.12 'n Nuwe TV is vroeër die week deur die pa bestel.
Die pa (1)
- [12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf op die volgende bladsy wat op die spotprent gebaseer is deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.



Die twee vriende sit om die braaivleisvuur en hulle gesels. Hulle is al van **9.1 (universiteitsdag – gee die meervoud)** vriende en hulle praat oor beurtkrag. Hulle geniet hulle braai, maar besef tog dat beurtkrag in die **9.2 (koud – gee die korrekte vorm van die adjektief)** winter 'n probleem gaan wees. Hulle geniet hulle braai, en alhoewel daar altyd krag is in die **9.3 (autumn – gee die Afrikaanse woord)**, weet hulle die winter is op pad. Die mans sit **9.4 (naby – gee die vergrotende trap)** aan die **9.5 (vuur – gee die verkleinwoord)** as gewoonlik omdat dit reeds begin koud word.

Die mans besef ook dat dit 'n **9.6 (uitmaak – gee die verlede deelwoord)** saak is dat daar die hele winter beurtkrag gaan wees en dit begin gewoonlik om **9.7 (21:30 – skryf die horlosietyd uit in woorde)** in hulle woonbuurt. Hulle is nou al doodmoeg **9.8 (..... – gee die voorsetsel)** beurtkrag en hulle wens dat ESKOM 'n plan wil maak. Dit affekteer die ekonomie **9.8 (positief – gee die antoniem)** en die een man is bekommerd oor sy **9.9 (career – gee die Afrikaanse woord)**. Hy sal **9.10 (onmiddelik / onmiddellik – kies die korrekte antwoord)** 'n plan moet maak om te oorleef.

Alhoewel **9.11 (Suid-Afrika – gee die afkorting)** baie probleme het, besef die mans dat dit die mooiste land ter wêreld is omdat ons steeds 'n goeie **9.12 (leef + styl – gee die samestelling)** kan handhaaf. Die ander man se motor is ook **9.13 (nuut – gee die intensiewe vorm)** en dit is reeds die **9.14 (drie – gee die rangtelwoord)** motor wat hy vanjaar gekoop het. Hy is **9.15 (elke dag – gee een woord)** dankbaar vir al sy seëninge.


Die twee **9.16 (sing – gee die teenwoordige deelwoord)** mans is nou skielik opgewonde oor die toekoms en geniet dit om hulle braaivleisvuur.

[16 x ½ = 8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting op die volgende bladsy deur en voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. (Moenie aanhalingstekens gebruik nie.)
- Elke respons moet tussen **15 – 20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling neer te skryf.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.

Blaai asseblief om



Bron: Weg-aanlyn, 14 April 2021

- 10.1 **Sarah (A)** is baie **ontsteld** oor haar luukse motor wat in die ongeluk was.
Skryf neer wat sy vir haar kêrel skree net ná die ongeluk. (2)
- 10.2 **Peter (B)** is **geïrriteerd** omdat Sarah so op hom skree oor die ongeluk omdat hy dink dat sy oorreegeer.
Skryf neer wat Peter vir Sarah sê net ná die ongeluk. (2)
- 10.3 **Kobus (C)** het die ongeluk met die bus veroorsaak. Hy voel **baie sleg** daaroor.
Skryf neer hoe Kobus vir Sarah en haar kêrel **om verskoning** gaan vra. (2)
- 10.4 **Kieran (D)** moet al die geskokte passasiers **oortuig** dat die ongeluk nie so ernstig was nie.
Skryf neer wat hy vir die passasiers sê om hulle te **kalmeer** ná die ongeluk. (2)
- 10.5 **Jeanette (E)** is **gefrustreerd** dat hulle nou vasgekeer is in die middel van nêrens.
Wat sê sy vir haar vriendin om haar **frustrasie** uit te spreek? (2)

[10]

TAALVAARDIGHEID: [30]

GROOTTOTAAL VIR VRAESTEL 1: [100]